LAERSKOOL BAKENKOP

Posbus 51928, Wierdapark, 0149
Underbergstraat 5 Wierdapark, Centurion
Kantoor nommer 087 809 0920
Tel 012 – 653 4187/8 faks 012 653 4129
E-pos: admin@laerskoolbakenkop.co.za
www.laerskoolbakenkop.co.za

1 Februarie 2012

Geagte ouer

Fondsinsamelingsprojek: Senòr Chef en Ina Paarman Produkte

Die bogenoemde projek is een van die vier fondsinsamelingsprojekte vir die jaar. Ons wil graag met die eerste een sommer al ‘n groot sukses maak en kan dit nie sonder die ouers en kinders se ondersteuning doen nie.

U kind ontvang vandag vyf Senòr Shef en Ina Paarman bestelvorms asook n pragtige volkleur brosjure wat elke produk op het wat verkoop kan word. **Indien elke kind net R30 se verkope per bestelvorm kan terugbesorg by die skool sal die projek ‘n groot sukses wees**. Dit kan reeds by die ouerhuis begin. U sou dit in elke geval in ‘n winkel koop en die produkte is in die meeste gevalle goedkoper as die winkels sin. Maak dus sommer u eie kaste vol met die produkte
Onthou asb. dat geen leerling onder die ouderdom van 15jaar deur-tot-deur verkope mag doen nie. Die ouers moet hier help deur dit na bure, vriende, familie en selfs hul werkplekke te neem.

Alle bestelvorms moet terugkom skool toe, al is die vorm leeg. Help asb hiermee. Die kwitansie (wat aan die bestelvorm is) moet slegs aan die koper gegee word as ‘n bewys van betaling. Leerlinge moet ‘n skêr saamdra en slegs die kwitansie afknip as die koper betaal het en dit aan hom /haar oorhandig. Alle tjeks moet uitgemaak word aan Laerskool Bakenkop. Bestelvorms kan slegs terug aanvaar word as dit van betaling vergesel word.

Alle bestelvorms moet teen 5 Maart 2012 terugbesorg word. Die afleweringdatums is ook op die kwitansie gedruk en leerlinge moet kopers van hierdie datums bewus maak.

Pryse vir die leerders:

- Die topverkoper per dag se naam sal elke dag afgekondig word.
- Die leerlinge wat meer as R250 se totale bestelling oorskry se naam word in ‘n hoed gegooi en die wenner daar wen R100.00
- Die individu wat die meeste verkoop oor die hele tydperk wen ook R200 kontant.
- Die klas wat die meeste verkoop mag een dag met gewone klere skool toe kom en kry’n roomys koek vir die klas.

Ons vertrou dat u u kind en ons as skool sal ondersteun in die projek. Baie sterkte en skakel gerus oor enige iets, al is dit hoe gering. Ek hoop dat hierdie projek werklik ‘n groot sukes sal wees.

Groete

Izett Grimsell
Skakelbeampte en Bemarker
0836800100